

RAAD

Klim uit die bakkie en stap, sê topboer

DIE beste raad vir suksesvolle boerdery is om uit die bakkie te klim en tussen die gewasse rond te loop sodat probleme betyds raakgesien kan word.

Dit is die raad van mnr. Kip Cullers, Amerikaanse boer en houer van die wêreldrekord van sowat 10,7 ton sojabone per hektaar. Hy was verlede week een van die sprekers op 'n reeks boeredae – met die tema soja-wisselboudinamika – van Du Pont Pioneer, BASF en John Deere wat op Brits, Delmas, Ermelo, Bergville en Bethlehem gehou is. Mnr. David Hula, die wêreldrekordhouer met mielieverbouing en mede-Amerikaner, was ook 'n spreker.

Cullers het gesê hy het nie na Suid-Afrika gekom om plaaslike boere te vertel wat hulle moet doen nie, want die toestande tussen Amerika en Suid-Afrika verskil baie. Daar is egter basiese beginsels wat oral geld.

Dit is veral belangrik om van vroeg in die gewas se ontwikkeling gereeld ondersoek in te stel. “Plante is soos mense – as hulle nie goed voel nie, presteer hulle nie goed nie. Verwyder enigiets wat hulle aan spanning (stres) blootstel, soos siektes en plae,” het hy gesê. Veral onkruidbestryding moet vroeg en suksesvol toegepas word.

Gelukkig is sojabone baie “vervelig en vergewe baie maklik”, want die boer kan in die begin foute maak en dan het hy steeds genoeg tyd om die foute reg te stel en 'n goeie oes te kry.

Hy het die boere aangeraai om nooit te stagneer nie, maar vernuwend te dink en altyd nuwe dinge te beproef. “Moenie dit aanvaar as iemand sê iets wat jy wil aanpak, sal nie werk nie. Probeer dit eers en doen navorsing daarvoor. Enigiets is moontlik as jy hard daaraan werk,” het hy gesê.